TYDSDUUR: 60 minute

© Kopiereg

Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades - Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Taalgeletterdheid – Graad 3

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vrae noukeurig.
(Onderwyserbystand word toegelaat.)
Jy moet besluit watter een is die regte antwoord vir elke vraag – en dan 'n sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die regtekant van elke vraag trek.
Jy mag net een antwoord vir elke vraag kies.

Voorbeeld: **Een by, twee …..**	(a) bys	(b) byes	(c) bye	(d) beyer

Lees die leesstuk deur en beantwoord vrae 1 – 5.

Haai!
My naam is Bettie. My van is Breedt.
Daar is vier kinders in ons gesin.
Johan is die oudste.
Hy is nege jaar oud.
Ek is die tweede oudste.

Ek is sewe jaar oud.
Bennie is die jongste. Hy is drie.
Amanda is die tweede jongste. Sy is vyf.
Johan is die langste en Bennie is die kortste.
Amanda met haar blou oë is vir my die mooiste!



Moenie die antwoorde inskryf nie. Omsirkel die korrekte antwoorde.

1. Hoeveel kinders is daar in die gesin?	(a) een	(b) vyf	(c) sewe	(d) vier
2. Hoe oud is Bettie?	(a) drie	(b) nege	(c) sewe	(d) vyf
3. Johan is …… jaar ouer as Bennie.	(a) ses	(b) twee	(c) vyf	(d) een

© Kopiereg

4. Wat is Bettie se van?	(a) Johan	(b) Breedt	(c) Bennie	(d) Botha
5. Waarom is Amanda vir Bettie die mooiste?	(a) sy het mooi hande	(b) sy het blonde hare	(c) sy het mooi voete	(d) sy het blou oë

Lees die leesstuk deur en beantwoord vrae 6 – 10.

By die dieretuin

Die leeu loop vinig heen en weer. Hy lyk briesend kwaad.
"Ek is bang vir hom" sê Bettie. "Hy is lus vir vleis" sê Johan.
Kyk die fraai pou met sy lang stertvere! Kyk net die voëls met hulle mooi vere. Hulle sit op 'n boom en op die drade.
Eende met blink swart ogies, lang geel snawels en bont vere swem rustig rond en spog met hul kleintjies wat agterna swem.
Kort-kort duik een weg om iets lekkers te vang.
Kameelperd met sy lang nek en klein koppie kom ook dag sê!
Kyk net hoe swaai die groot ou aap aan die paal.
Die kinders gooi grondboontjies vir die bobbejaan.
"Hô, Hô! Dankie" sê hy.

Moenie die antwoorde inskryf nie. Omsirkel die korrekte antwoorde.

6. Waarvoor is Bettie bang?	(a) luise	(b) luislange	(c) leeus	(d) luiperde
7. Waarom is die pou so mooi?	(a) mooi snawel	(b) mooi stertvere	(c) mooi pote	(d) mooi oë
8. Wat is die meervoud van 'tak' en 'boom'?	(a) take, boome	(b) taake, bomme	(c) takee, bome	(d) takke, bome
9. 'n Kameelperd het 'n …….. nek.	(a) lang	(b) lank	(c) kort	(d) vet
10. Die teenoorgestelde van hoog:	(a) lelik	(b) oud	(c) stout	(d) laag